Familie Tuisblad

28 Mei 2023

1 Begin hier

Mense is bang vir verskillende dinge. Party vir die donker, ander vir slange, maar ek... ek is bang om dinge alleen te doen. Ek is bietjie skaam en onseker, maar as iemand by my is, dan voel ek meer dapper om dinge te doen. Tog gebeur dit soms dat ek iets moet doen, en dan kan ek nie wag totdat iemand dit saam met my kan doen nie.

In sulke tye onthou ek een ding. Ek is nooit alleen nie. Die Heilige Gees is altyd by my.
Die Gees rig ons af om reg te lewe, om aandag aan die regte dinge te gee. Die Gees verseker ons dat ons kinders van God is en die Gees bind ons aan mekaar en aan God, sodat ons nooit alleen is nie. Die Heilige Gees gee ons krag en waagmoed vir elke situasie.

Vandag gaan ons luister na ‘n verhaal waar die Heilige Gees die Israeliete gehelp het om ‘n belangrike taak te doen, al was hulle bang om dit te doen.

2 Lees

Numeri 11:24-30

3 Gesels

- Hoe laat dit jou voel om te weet jy is nooit alleen nie?
- Hoekom dink jy stuur God die Heilige Gees om by ons te wees?
- Wat moet ons nou gaan doen, omdat ons weet die Heilige Gees is by ons?

4 Bid

Sit vir ‘n rukkie in stilte en bid net by jouself dat die Heilige Gees jou sal help.

5 Doen

Gesels oor die beeld uit die fliek 'Ratatouille'.
Linguini moes leer om heeltemal oor te gee en te volg waar Remy hom lei, anders sou hy nooit sulke lekker kos kon maak nie! Kyk na die video en stel vir jouself ‘n uitdaging om God deur sy Gees toe te laat om jou te lei:
https://youtu.be/o3mb_SfuyLY